

## KONVENT VIR EENHEID

### NOTULE VAN DIE UK BESIGHEIDSVERGADERING GEHOU OP 1 DES 2004 TE SCHOEMANSHOEK, OUDTSHOORN, TYDENS DIE BOSBERAAD

#### 1. PRESENSIE

##### 1.1 Uitvoerende Komitee

1.1.1 **VGK Kaapland:** Pieter Grové, Lukas Plaatjie, Eddie Ngeva, Alfred Dyasi, Mary-Ann Plaatjies, Averell Rust, Daan Heyneman.  
Verskoning: Themba Nyotyawa (reeds vertrek).

1.1.2 **NGK Wes-Kaap:** Hannes Koornhof, Hannes Theron, Braam Hanekom.  
Verskoning: Coenie Burger, Monty Sahd (reeds vertrek).

1.1.3 **NGK Oos-Kaap:** Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton.

##### 1.2 Taakspan

1.2.1 Lede van die taakspan nie ook reeds deel van die UK: David Botha (VGK) en Jan Marais (NGK Wes-Kaap).  
Verskoning: F Mbenenge

##### 1.3 Voorsitter en skriba

1.3.1 Pieter Grove tree as voorsitter en Danie Mouton as skriba op.

##### 1.4 Leedwese

1.4.1 Daar word met leedwese kennis geneem van die ernstige siekte van Themba se dogter.

#### 2. SAKELYS

2.1 Die vergadering kom op die sakelys ooreen.

#### 3. DOKUMENTE OOR VERSOENING, GERECHTIGHEID EN RESTITUSIE

##### 3.1 Terugvoer: Versoening, gerechtigheid en restitusie Bylaag A

3.1.1 Die vergadering neem kennis van **Bylaag A** (Terugvoer van Kleingroepbespreking: Versoening, Gerechtigheid en Restitusie). Hierdie dokument verteenwoordig bloot die onverwerkte terugvoer van 'n kleingroepbespreking en dus die eerste rondte van 'n gesprek oor versoening, gerechtigheid en restitusie. Dit dra die status van 'n interne dokument as basis vir verdere gesprek.

3.1.2 Verdere navorsing is nodig om meer inligting oor hierdie op die tafel te plaas voordat verantwoorde besluite geneem kan word.

3.1.3 'n Navorsingspan, bestaande uit een lid van elke sinode, aangewys deur die onderskeie moderature, word saamgestel om die ondersoek waar te neem. Verslagdatum vir die navorsingspan: volgende vergadering van die UK.

### **3.2 Kerkeenheid**

**Bylaag B**

- 3.2.1 Kennis geneem van 'n dokument wat as samevatting van die konsensus en verskille oor kerkeenheid dien. Dit word as **Bylaag B** aangeheg.
- 3.2.2 Hierdie dokument word na die Taakspan verwys om konkrete strategieë rakende die konsensus en die hantering van die verskille te ontwikkel.

## **4. DIE PAD VORENTOE**

### **4.1 Kommunikasie**

#### **4.1.1 Verklaring deur die UK Konvent vir Eenheid**

**Bylaag C**

- \*1 Die vergadering bespreek en keur 'n verklaring van die UK op voorstel van Braam Hanekom goed. Dit word aangeheg as **Bylaag C**
- \*2 Die dokument het die status van 'n openbare dokument wat kerklik wyd versprei kan word.

### **4.2 Taakspan**

- 4.2.1 Die taakspan vergader vir die eerste keer in Februarie 2005 en sal 'n verslag aan die volgende UK voorlê.

## **5. KORRESPONDENSIE**

### **5.1 Skrywe van die NG Kerk Wynberg aan die UK**

- 5.1.1 Die vergadering bespreek 'n skrywe van die NGK Wynberg aan die UK van die Konvent (dd 25 November 2004), wat 'n evaluering van die tweede vergadering van die Konvent vir Eenheid insluit.
- 5.1.2 Besluit: Die UK van die Konvent:
1. Neem met dank kennis van die evaluering van die konvent van 2004 en sal dit in ag neem wanneer die volgende byeenkoms van die Konvent gereël word.
  2. Neem kennis van die skrywe oor die implikasies wat die besluite van die SK van die Oos-Kaapse Sinode en Algemene Sinode van die NG Kerk vir die voortsetting van die werksaamhede van die Konvent het. Daar is by die byeenkoms van die UK van die Konvent van 30 November tot 1 Desember 2004 uitvoerig oor hierdie situasie gesels en konsensus is bereik oor hoe die deelnemende sinodes steeds konstruktief kan voortgaan met die roeping en taak van die Konvent.

## **6. BEGROTING 2005 / 2006**

- 6.1 Die begroting is die verantwoordelikheid van die drie deelnemende sinodes en moet voorsiening maak vir onder andere die
- werksaamhede van die UK;
  - werksaamhede van die Taakspan;
  - die Navorsingspan.
- 6.2 Die beginsel van *egalisering* word aanvaar vir die koste van vergaderings.
- 6.3 Moderature en saakgelastigdes van sinodes verseker dat die begroting voldoende is om die werksaamhede voort te sit.

## **7. VOLGENDE VERGADERING**

- 7.1 Die UK kom op **11 April 2005 in Port Elizabeth** bymekaar. Reiskoste is onderworpe aan egalisering. Oos-Kaapland neem die voorsitterskap en skribaatskap waar. Tyd: vanaf 09:00 tot ongeveer 16:00.

## **8. AFSLUITING**

- 8.1 Die vergadering sluit om 13:05 af met gebed in groepies van twee en daarna 'n gesamentlike gebed deur Pieter Grové.